NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 15 – Uitgawe 44

8 Desember 2022

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Wees self die verskil, en ervaar ware vrede

***Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"*** **(Luk 2: 13-14)**

Vrede op aarde: Dit is wat die engele daardie nag die herders belowe het in hul engelesang. Vrede op aarde. En tog lees ek elke dag in die koerant van die oorlog in Oekraïne, van moorde, van verkragtings. Tog weet ek as dominee dat meer mense hierdie tyd van die jaar eensaamheid beleef as ander tye. Dat gesinsgevegte en geweld ongekend hoog is. Waar is die vrede dan, hierdie vrede waarvan die engele gesing het?

Dan gaan ek winkel toe, en waar ek kyk, is liggies en versierings en die alewige soetsappige liedjies wat soos 'n virus jou binneste indring...

En dan, dan sit ek Sondag in die kerk, en daar beleef ek die rustigheid, die vrede wat soos koel water oor my siel stroom. Weg van die geweld van die wêreld, weg van die Kersfees-industrie met sy liggies en liedjies. En daar, in daardie oomblikke wanneer ek daar voor God verkeer, beleef ek die vrede waarvan die engele sing. Want sien, die wêreld wil of kan dit nie verstaan nie, maar vrede sonder God is geen vrede nie.

Want net voor die engelekoor gesing het, het die engel vir die herders gesê: *"Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here! En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê."* (Luk 2: 10-12)

Dit is in Christus Jesus dat ons die ware vrede moet soek en vind. In Hom wat gebore is om uiteindelik vir jou sonde en oortredinge te sterf. Wanneer ons hierdie feit voor oë hou, kyk ons anders na die Kersgebeure.

Ek ken 'n gesin wat besluit het om erns te maak met die viering van Kersfees. Hulle vertel my dat hulle ook 'n lekker Kersmaal geniet. Wat hulle egter doen, is om – soos die volk Israel met die Pasga gedoen het – die Kersverhaal daar aan die tafel te lees. Al sing hulle 'n bietjie vals, sing hulle dan Kersliedere. Dan gesels hulle weer as gesin oor wat Jesus se koms en sy uiteindelike dood vir hulle beteken. Hulle vertel dat vandat hulle dit doen, is die klein kinders nie meer so gepla oor geskenke nie en beleef hulle veel meer van die betekenis van Kersfees.

Dalk is dit wat ons as gesinne hierdie Kersfees moet begin doen. Oordink die betekenis van sy koms en offerdood. Vra jouself af hoe dit jou raak, wat dit vir jou beteken.

Ja, dit is 'n werklikheid dat daar nie vrede op aarde is nie. Die oorlog in Oekraïne gaan nog aan. Misdaad, haat en afguns gaan nie sommer oornag verdwyn nie. Ja, ons leef in 'n stukkende wêreld vol stukkende mense, maar kom ons wees die verskil hierdie Kersfees. Aanvaar hierdie uitdaging en begin nuwe gebruike in jou gesin om Jesus eerste te stel, om die ware vrede van sy koms weer te beleef.

**Ds Willem Sauer**
**Redakteur: *Die Hervormer* en *Blitspos***

***** Hierdie is die laaste uitgawe van *Blitspos* vir 2022. Die eerste uitgawe van 2023 verskyn op Donderdag 19 Januarie.**



Johan Hattingh

## Kersboodskap van die bedryfshoof

**Desember, 'n maand van vreugde, vrede en liefde. Maar vir baie van ons ook 'n genoegmaand. Ons het genoeg gehad van werk, van mense en hul dinge, van probleme en krisisse.**

2022 het begin as 'n jaar met maskers en beperkinge. Later kon ons die maskers wegpak en terugkeer na normaliteit, iets waarna ons baie uitgesien het. Om weer te kon kerk toe gaan en Sondag na Sondag die blye boodskap van hoop, geloof, vrede en liefde van ons Here Jesus Christus te kon hoor, was wonderlik.

By die Sinodale Dienssentrum was daar weer lewe. Die telefone het gelui en in die gang was daar mensestemme. Die Ouditkantoor kon die boeke van die gemeentes persoonlik in ontvangs neem sonder dat dit eers vir 48 uur in kwarantyn geplaas moes word.

Saam met die terugkeer na normaliteit, het die NHKA die geleentheid gekry om 'n suksesvolle 73ste AKV te kon aanbied. Predikante en kerkrade kon hul stemme laat hoor en nuwe besluite neem. Maskers en gesonde afstande tussen mense was steeds in ons agterkop, maar deur sy genade kon ons langs mekaar staan, hande skud en gesels.

Kort na die AKV is drie nuwe proponente gelegitimeer, suksesvol toegerus om die evangelie te verkondig.

Vir my is die Christus-feesseisoen een van die kosbaarste tye van die jaar. Dit is 'n tyd wanneer die pas stadiger gedraai word. In hierdie tyd kry ons die geleentheid om van ons moeg-wees bevry te word, en om stil te word.

Hoe bevrydend is dan die wete dat ons Here ook die Here is van moeg-wees-mense. Dat Hy ons tot stilstand roep, sodat ons weer sy stem kan hoor, sy hart kan hoor klop, sy genade kan beleef en sy liefde kan voel.

Na 'n suksesvolle jaar kan ons dan nou stil word en vra dat Hy ons terugbring na die dinge wat regtig saak maak. Terug na Hom, terug na onsself, terug na ander, na vrede, vreugde, en veral, terug na sy liefde.

**Johan Hattingh**
**Bedryfshoof: Sinodale Dienssentrum**

## Lief en leed



Ds Lana van Rensburg

- In die vorige uitgawe van *Blitspos* het ons berig dat **ds L (Lana) van Rensburg** (39) van Koedoesrand op 3 Desember verjaar. Sy verjaar egter op 6 Desember. Jammer oor die fout!

- **Die volgende predikante verjaar tot 20 Januarie 2023, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 8 Desember: Di M (Markus) Pretorius (36) (Eendracht/Kriel) en S (Susan) van Schalkwyk (62) (siekte-emeritaat)
  - Sondag 11 Desember: Dr GCJ (Gerhard) Nel (56) (Horison Roodepoort), di CJ (Johan) Bezuidenhout (60) (emeritus) en AV (Antonie) van Staden (52) (beroepafwagtend)
  - Maandag 12 Desember: Ds MJ (Martin) Fouché (64) (Riebeeckstad/Virginia)
  - Dinsdag 13 Desember: Di JP (Johan) du Preez (52) (Van der Hoff) en A (Annézel) Meiring (37) (beroepafwagtend)
  - Woensdag 14 Desember: Ds G (Gustav) van Zyl (35) (Phalaborwa)
  - Vrydag 16 Desember: Di JC (Johann) Marnewick (59) (Johannesburg-Wes), M (Martin) Meyer (57) (Secunda) en C (Charlene) van der Merwe (52) (beroepafwagtend)
  - Sondag 18 Desember: Ds JJC (Ogies) du Plooy (82) (emeritus)
  - Maandag 19 Desember: Ds MA (Marius) Venter (57) (siekte-emeritaat)

| | | |
|---|---|---|
| ○ | Dinsdag 20 Desember: | Ds PC (Peet) Swanepoel (69) (emeritus/Nkana) |
| ○ | Donderdag 22 Desember: | Ds JH (Jan) van Staden (64) (Bronkhorstspruit) |
| ○ | Vrydag 23 Desember: | Ds FP (Phillip) Horn (62) (emeritus/Bethlehem) |
| ○ | Woensdag 28 Desember: | Ds CM (Corlien) van der Merwe (51) (Hartebeestpoort) |
| ○ | Donderdag 29 Desember: | Dr PJ (Piet) van Staden (77) (emeritus) en ds PR (Philip) Prinsloo (76) (emeritus) |
| ○ | Maandag 2 Januarie: | Ds WA (Willem) Dreyer (32) (Groot Marico vanaf Januarie 2023) |
| ○ | Dinsdag 3 Januarie: | Ds M (Mari-Louise) Calder (28)(Wonderboompoort) |
| ○ | Woensdag 4 Januarie: | Dr JP (Kobus) Labuschagne (78) (emeritus) |
| ○ | Donderdag 5 Januarie: | Dr C (Christo) Pretorius (54) (Pretoria/Wonderboom-Suid) |
| ○ | Vrydag 6 Januarie: | Ds HF (Hennie) Louw (53) (Drie Riviere) |
| ○ | Maandag 9 Januarie: | Ds I (Ivan) Katzke (55) (Bloemfontein) |
| ○ | Dinsdag 10 Januarie: | Ds JH (Jan) Kay (69) (emeritus) |
| ○ | Donderdag 12 Januarie: | Di A (Annerie) Conradie (51) (Culembeeck) en DS (Dawie) Jacobs (55) (Dolfynkus/Durban-Suid) |
| ○ | Vrydag 13 Januarie: | Dr FJ (Frikkie) Labuschagne (56) (Sinodaal/SGB/Olifantsfontein) |
| ○ | Saterdag 14 Januarie: | Di J (Japie) Coetzee (72) (emeritus) en CJA (Tony) Simpson (81) (emeritus) |
| ○ | Sondag 15 Januarie: | Di W (Werner) Olivier (54) (siekte-emeritaat) en GJC (Chris) Schoeman (73) (emeritus) |
| ○ | Dinsdag 17 Januarie: | Ds CJ (CJ) van Wyk (56) (Newlands) |
| ○ | Donderdag 19 Januarie: | Di IM (Retha) Losper (33) (Ogies/Suidoos-Witbank) en MJ (Martin) Slabbert (51) (Philadelphia) |
| ○ | Vrydag 20 Januarie: | Ds MJJ (Martyn) Redelinghuys (92) (emeritus) |

## Gemeentes en bediening

- **Die Sinodale Dienssentrum** sal **van 23 Desember 2022 tot 2 Januarie 2023** vir die Kersreses **gesluit** wees.



Ds Herman Meyer

- **Ds HP (Herman) Meyer** (Carletonville, deeltyds) het 'n beroep ontvang na Carletonville (voltyds).



Ds Janine Fourie

- **Ds JW (Janine) Fourie** (beroepafwagtend) het die beroep na Pretoria/Wonderboom-Suid (deeltyds) aanvaar. Sy word op 5 Februarie 2023 daar bevestig.

- **VAKATURE VIR SALARISBEAMPTE: NHKA SINODALE DIENSSENTRUM**

Die Nederduitsch Hervormde Kerk benodig die dienste van 'n energieke jong Salarisbeampte by die Sinodale Dienssentrum in Pretoria.

Die geskikte kandidaat sal verantwoordelik wees vir die volle funksionering van die salaris-kantoor.

**Vereistes**

- Minstens drie (3) jaar werkservaring.
- Uitgebreide kennis en ondervinding van die volgende:
  - Dienste van 'n salariskantoor.
  - VIP Payroll.
  - e@syFile en SARS eFiling.
  - Werksaamhede en beleide van Vergoedingskommissaris en Departement van Arbeid.
  - Elektroniese betalings aan personeel en derde partye.
- Rekenaarvaardig in minstens Microsoft Office.
- Ten volle tweetalig.
- Geldige rybewys en betroubare vervoer.

**Verdere vereistes**

- Pligsgetrouheid.
- Vermoë om as lid van 'n span te funksioneer.
- Goeie kommunikasievaardigheid.

Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.

Stuur verkorte CV aan:
Susan Moore by **mannekrag@nhk.co.za;** of
Madelein Pretoruis by **madelein@nhk.co.za**

**Sluitingsdatum: 16 Desember 2022.**

- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE DELAREYVILLE**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie werkruimte te vul.

  **Gemeenteprofiel:** Die gemeente was vanjaar 100 jaar oud. Die sieletal is ongeveer 320, belydend 260, en die ouderdomsprofiel is 'n gemiddelde ouderdom van 50 jaar. Die gemeente beskik oor 'n kerkgebou, saal en netjiese tuin. Verder beskik die gemeente oor 'n gerielike pastorie met boorgatwater. Die gemeente bestaan deels uit 'n boerdery en 'n dorpsgemeenskap.

  **Leraarprofiel:** Die leraar se lewe moet getuig van 'n passievolle verhouding met God. Geesvervulde eredienste is vir die gemeente belangrik. Huis- en siekebesoek is ook nog vir die gemeente van belang.

  **Aansoeke sluit op 31 Januarie 2023** en moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die adminbeampte by **nhkerk@lantic.net**. Die kerkraad behou die reg, indien so besluit, om nie een van die aansoekers te beroep nie.



- Die **SP Engelbrecht-museum** sê dankie aan elkeen wat in 2022 die Museum besoek het. Hartlike dank vir skenkings van voorwerpe, deel van inligting en daarmee saam finansiële ondersteuning. Sedert die begin van Covid (twee droë jare) tot op hede het ons 250 besoekers gehad. Dankie vir entoesiastiese en lewendige belangstelling op ons "SP Engelbrecht Museum" Facebookblad. Daar is 1 494 Museumvriende op Facebook. Aan wat ons nou met en vir ons kerk- en kultuurmuseum doen, grens 'n ewigheid. In die gees van 1838 se Boedriviergelofte: Vertel en wys aan ons kinders en die geslagte daarna ons geskiedenis sodat ons altyd trotse Hervormers kan bly. Seënwense in die Kerstyd en vir 2023. Vir besoeke, skakel 082 733 3951.

- Kom vier saam **Kersfees in die Kaap**. Die **Kersdag-eredienste** is soos volg:
  - **NHKA Strand:** 09:00 hv Elim- en Boschendalstraat, Die Bos, Strand
  - **NHKA Stellenbosch:** 09:00 hv Bosman- en Hofmeyrstraat, Stellenbosch
  - **NHKA Worcester:** 09:00 Hendry Girdstraat 11, Worcester
  - **NHKA Kaapstad, preekpunt Tygerberg:** 09:00 Rothmanstraat 29, Parow-Noord (voorsang 08:45)
  - **NHKA Kaapstad, preekpunt Melkbosstrand:** 09:00 Robbenweg (voorsang 08:45)
  - **NHKA Weskus:** 09:00 Japie Burgerstraat 8, Vredenburg
  - **NHKA Bellville:** 09:00 hv Ganzekraal- en Meerluststraat, Bellville

## Vergaderings

- Donderdag 12 Januarie: Rata Finkom
- Saterdag 14 Januarie: NHSV Dagbestuur
- 15-18 Januarie: Kommissie van die AKV Bosberaad
- Donderdag 19 Januarie: ADV Finkom

## Kerklike publikasies




- In die **November/Desember 2022-uitgawe van *Die Hervormer*** skryf **prof Wim Dreyer** dat die uitdagings waarmee die Hervormde Kerk gekonfronteer staan, divers en kompleks is. Tegelykertyd is die evangelie van Jesus Christus eenvoudig: God het in sy liefde gekies om vir ons ’n God te wees, en ons deur sy eniggebore Seun te verlos. Mag ons in die Kerstyd ons vreugde in die eenvoud van die Kersverhaal vind, en dit in ons kerkwees laat sigbaar word. **Dr Jerrie Bezuidenhout**, psigiater by die Vista-kliniek in Centurion, skryf oor die wêreld, menswees en die nagevolge van die Covid-pandemie. Hy probeer om ons te help om onsself, ons vriende en ons gemeentes se onverstaanbare gedrag beter te aanvaar en mekaar ruimte te gee om met God se genade en hoop deur een van die moeilikste tye in ons geskiedenis te kom en sterker anderkant uit te kom. Lesers kry ’n **fotobeeld** van die **73ste AKV** wat van Sondagaand 2 tot Donderdag 6 Oktober by die NG Kerk Wonderpark plaasgevind het. **Ds Martin Slabbert** skryf: *In die bewind van ’n keiser Tiberius, maghebbers wat kom en gaan, heersers van geweld en vrees, verkondig ons die ware en ewige koninkryk van die Here van liefde en lig. Gaan maak die paaie gelyk! Hier kom die Koning...* **Ds Carel Johann de Bruin** vertel van ’n plantdag by Melrosehuis in Pretoria, en ons berig ook oor **drie nuwe proponente** en die **afsterwe van nog twee van die NHKA se emerituspredikante**. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en ’n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes gestuur.




- Die ***Almanak/Bybelse Dagboek*** vir 2023 word eersdaags by die Sinodale Dienssentrum afgelewer. Daar is ’n beperkte oplaag, maar bestellings kan nog geplaas word by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za**.

## Studentesake

- **NHKA Stellenbosch aanvangskamp:** Gemeente Stellenbosch nooi al die Hervormers wat in 2023 aan Stellenbosch Universiteit gaan studeer na ons aanvangskamp **Sondag 29 Januarie tot Woensdagoggend 1 Februarie 2023**. Ons vertrek Sondag 14:00 van die kerkgebou af na die kampterrein ongeveer 10 km buite Stellenbosch. Vir meer besonderhede, kontak gerus vir dr Chris le Roux (079 495 3239 / **cleroux@mweb.co.za**) of Elizabeth Rossouw (+264 81 833 7022 – dit is ’n Namibiese nommer, maar sal werk vir WhatsApp). Gee asseblief hierdie inligting vir elkeen wat jy ken wat hier gaan kom studeer. Ons wil veral graag al die nuwe studente by die kamp leer ken, en julle sal dit baie geniet.

- **Philadelphia Afskopkamp**
  **Datums: 29 Januarie tot 2 Februarie 2023**
  Plek: Hartbeesfontein Voortrekkerplaas
  Koste: R980 per persoon
  Navrae: Dr Sanrie de Beer 083 226 1866 / Ds Martin Slabbert 082 655 4787

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp**
**31 Januarie – 3 Februarie 2022**
By Venterskroon-kampterrein
R1 200 per persoon
Vir meer inligting, skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710
Inligtingsvorm: **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.




## ’n Kersfeesgebed van die NHSV

Hemelse Vader:

Ons deel in die lied van die engele – en bring aan U die eer.
Ons deel in die blydskap van die skaapwagters – en loof u Naam.
Ons deel in die stille aanbidding van die wyse manne
en bring aan U ons geskenke van liefde, dankbaarheid en toewyding.

Ons voel so klein en nederig as ons dink aan die geweldige pad
wat U bereid was om te stap:
u menswording; u geboorte in ’n nederige stal;
u aardse lewe vol verwerping en teenkanting;
tot uiteindelik u dood aan die kruis.

Die hele gebeure en verhaal rondom Kersfees ken elkeen van ons so goed,
ons kan elkeen die verhaal woord vir woord oorvertel.
Here, ons gebed is dat dit nie net vir ons ’n besonderse verhaal sal bly nie,
maar dat ons sal reageer op die waarheid van die verhaal
met ’n lewe wat wys ons behoort aan die Heer
wat gebore is in daardie stal;
dat ons Hom ken as ons Verlosser
en dat ons Hom met ons hele wese vertrou as ons Hemelse Vader.
Amen.

**(Ds Janine Bevolo-Manders)**

## ’n Gedig

**Katedraal**

In my kerk is daar geen dak nie,
geen reliëf of skildery,
geen kandelaar wat hoog moet hang nie.
Almal kan hier toegang kry,
want my koepel is die hemel,
hoog genoeg vir al die sterre,
breed genoeg vir die planete.
Hier sal jy stilte,
hier sal jy vrede,
hier sal jy rus by My kom kry.

In my kerk is daar geen mure
wat die horison beperk nie.
Daar’s geen deure en geen slot nie,
geen register om te merk nie,
want die berge is die suile
waar die arende kan skuilhou.
Ja, die vlaktes is my vloere.
Hier sal jy stilte,
hier sal jy vrede,
hier sal jy rus by My kom kry.

In my kerk is daar geen vensters
wat met brandglaskleure blink,
geen nagmaalbrood wat jy moet breek
of wyn wat iemand nog moet skink nie,
want in my kerk sien jy die kleure
in die skemer as die son sak
en die laaste wolke saampak.
Hier sal jy stilte,
hier sal jy vrede,
hier sal jy rus by My kom kry.

In my kerk is daar geen koor of
orrel wat die rus verstoor nie.
Hier vra niemand vir jou geld nie.
As jy bieg, sal niemand hoor nie,
want die storms is perkussie
en die wind wat nooit wil rus nie
maak musiek in al die bome.
Hier sal jy stilte,
hier sal jy vrede,
hier sal jy rus by My kom kry.

**Coenie de Villiers**
(Uit: *Hartlangs*, 2012)

## Barmhartigheid

- **NHSV Studieleningsfonds 2023**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan *hier* afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2023.**

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
  Semiversorgend: R6 180
  Verswakte bejaardes: R6 720
  **Woonstelle (selfversorgend)**
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830

Eenslaapkamer: R4 500
Tweeslaapkamer: R6 070
Kontak ons bestuurder vir enige navrae
Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 **manager@belfastrusoord.co.za**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**
  Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as ’n stil, veilige, boomryke omgewing en ’n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Allegaartjie

**WOORDE VAN DIE JAAR 2022**

**Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad en Focal Point: *beurtkrag / loadshedding***
Ander terme op die kortlys het *Phala Phala*, *gaslighting* en *xenofobie* ingesluit. *Beurtkrag / loadshedding* het die naaswenner, *Phala Phala*, met meer as 40 000 inskrywings oortref en is wyd in die media gebruik. Die Raad se uitvoerende hoof, Lance Schultz, sê dis nie vreemd dat *beurtkrag* die woord is wat die meeste gebruik word nie, want die voortslepende kragonderbrekings het mense se lewens die afgelope jaar oorheers.

**Oxford Dictionaries: *goblin mode***
Die term definieer *a type of behavior which is unapologetically self-indulgent, lazy, slovenly, or greedy, typically in a way that rejects social norms or expectations*. Volgens Oxford som

*goblin mode* die huidige gemoedstoestand op van individue wat die gedagte van terugkeer na 'n "normale lewe" verwerp, of wat rebelleer teen die toenemend onbereikbare estetiese standaarde en onvolhoubare lewenstyle wat op sosiale media verkondig word. Die woord het die eerste keer in 2009 op Twitter verskyn en het in Februarie 2022 viraal versprei op sosiale media.

**Collins Dictionary: *permacrisis***
Collins beskryf *permacrisis* (selfstandige naamwoord) as *an extended period of instability and insecurity*. Die woord weerspieël die voortgaande krisisse waarmee Brittanje en die wêreld gekonfronteer word. Dit sluit in politieke onsekerheid, voortgaande oorloë, waaronder die verwoesting wat in Oekraïne veroorsaak word, klimaatsverandering en verhoogde lewenskoste.

**Merriam-Webster: *gaslighting***
Die term is die eerste keer in die middel van die 1900's gebruik om te verwys na 'n vorm van misleiding: *psychological manipulation of a person usually over an extended period of time that causes the victim to question the validity of their own thoughts, perception of reality, or memories and typically leads to confusion, loss of confidence and self-esteem, uncertainty of one's emotional or mental stability, and a dependency on the perpetrator.* Mettertyd het *gaslighting* se betekenis eenvoudig begin verwys na *the act or practice of grossly misleading someone, especially for a personal advantage*. Merriam-Webster glo dat die groot toename in kanale en tegnologie wat vir misleiding aangewend word, daartoe gelei het dat die term *gaslighting* die voorkeurwoord geword het vir die persepsie van misleiding.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.




Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk